# VOORSITTERSVERSLAG 1973-74

**Die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging**

ONS HET gekom aan die einde van nog 'n jaar in die verloop van die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging. Ten einde te sien waar ons staan, is 'n terugblik nodig oor die aktiwiteite van die afgelope jaar. Namens die Bestuurskomitee van die Vereniging wil ek dan ook graag die volgende verslag ter tafel lê.

**Vergaderings**

Bywoning van die vier vergaderings wat deur die Vereniging gereël is het gewissel van matig tot bo verwagting goed.

1. Op 25 September het mnr. Gustav Nel 'n skyfievertoning gehou en is ook twee rolprente vertoon. Die opkoms by dié geleentheid is geskat op 160 persone.
2. Op 21 Oktober was ons bevoorreg om te luister na 'n lesing deur mnr. R. Schirmacher oor sy deelname as vlieënier aan die geskiedkundige 1938 Neu Schwabenland Ekspedisie, toegelig deur skyfies en 'n rolprent.

Van links na regs: *Mnr. P. A. le Roux, mnr. „Tiny" Milne en Prof. E. M. van Zinderen Bakker.*

3. Op 5 Maart het professor E. M. van Zinderen Bakker aan ons 'n besonder interessante lesing gelewer oor die biologiese lewe van Marion en Prince Edward Eilande, ook toegelig deur skyfies en 'n rolprent.
4. Op 14 Mei het mnr Jan Bredell 'n lesing gelewer by die Geologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria oor Suid-Afrikaanse Geologiese Navorsingprogramme in Antarktika.

Twee van die komiteelede naamlik mnr. Jan Bredell en mnr. Leon Wolmarans het 'n bydrae gelewer tot 'n reeks opvoedkundige lesings gereël deur die Johannesburgse Raad vir Volwasse Opvoeding.

'n Verdere item wat melding verdien is die publikasie van 'n kleurartikel deur die *Sunday Times* oor Suid-Afrikaanse sub-glasiale navorsingswerk; hoofsaaklik deur die toedoen van mnr. Trevor Schaefer en mnr. P. Turner.

Graag wil ek my dank uitspreek teenoor alle persone wat 'n bydrae gelewer het tot die sukses van hierdie ondernemings.

**The Annual Dinner**

More than a hundred members and guests attended the annual dinner on 26th October, 1973, including several members of the diplomatic corps. Two medals were presented on this occasion, the recipients being Professor E. M. van Zinderen Bakker and Mr. P. A. le Roux. The guest speaker at the occasion was Mr. "Tiny" Milne, chairman and managing director of BP Southern Oil Limited. The master of ceremonies was Mr. T. G. Schaefer.

**The Committee**

The committee met on six occasions during the year. At this stage I would like to thank the committee members for their continued interest and valuable contributions during the past year. A special word of thanks goes to Mr. P. Turner, vice-president of the Association, who was also selected as chairman of the Medals Committee, for the active role he had in the running of the Association. The tremendous task of secretary rested on the shoulders of Mr. Jan Bredell, and I would like to thank him for his contribution in this respect. To Messrs. Leon Wolmarans, Trevor Schaefer and Tom Potgieter, my sincerest thanks for their assistance throughout the year.

**Membership**

Fifty-two new members joined the Association during the past year bringing the total membership up to approximately 290 persons.

**Sponsors**

We would like to thank BP Southern Africa (Pty.) Limited for their continued sponsorship of the *Antarctic Bulletin* and the Antarctic Medal. It is also a pleasure to record a donation by Messrs. Off Road Equipment Co. Ltd.

**Finansiële Staat**

Ten spyte van verhoogde ledegelde bly die fondse van die Vereniging baie beperk. Kopieë van die finansiële staat is vanaand onder die lede van die vergadering uitgedeel en word by hierdie verslag ingesluit. Die belangrikste uitgawes was die koste verbonde aan die onthaal van ere-gaste by die dinee asook die versending van die Bulletin. Die komitee sluit die jaar af met 'n bedrag van R34,53 in die bank.

Graag wil ek 'n woord van dank rig aan mnr. Lloyd vir sy hulp as ere-penningmeester.

**Die Antarktiese Bulletin**

Die laaste Antarktiese Bulletin het in Mei 1973 verskyn. Sedertdien is die redakteur op studie oorsee, en is sy oorsese verblyf onvoorsiens verleng sodat geen Bulletin die afgelope jaar verskyn het nie. Mnre. P. Turner en T. G. Schaefer het intussen ingestem om as tydelike redakteurs op te tree en die volgende uitgawe van die Bulletin sal binnekort aan u gepos word.

Graag wil ek 'n besondere woord van dank aan hierdie twee here rig asook aan die huidige redakteur dr. D. G. Torr vir die volvoering van hierdie veeleisende taak.

**Slot**

Dit is die doelstelling van die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging om Antarktika en die Suid-Afrikaanse Navorsingsprogramme aldaar aan die algemene publiek bekend te stel. Vir die verrigting van hierdie taak is die komitee afhanklik van die ondersteuning en belangstelling van die Vereniging se lede. In hierdie verband wil ek dan ook diegene hier teenwoordig asook ander lede wat in die loop van die jaar finansiële en ander bydraes gelewer het van ons dank en waardering verseker.

A. P. H. Aucamp
*President* 1973/74.